ROOFDIERE

Beperk skade, al is dit 'n gesukkel

Roofdiere kos Suid-Afrika sowat R2 miljard per jaar. Dit het daartoe gelei dat sommige boere veeboerdery laat vaar.

Om die skade weens roofdiere te beperk, het die Nasionale Wolkwekersvereniging, die Rooivleisprodusente-organisasie, die SA Sybokhaarkwekersvereniging en Wildbedryf SA die nasionale roofdierbestuursforum (PMF) gestig. Dit is 'n verteenwoordigende struktuur in die georganiseerde landbou se bestuur van konflik tussen roofdiere en die mens.

Die PMF bied ruimte vir die onderskeie belanghebbendes om onderling saam te werk om voorkomende maatreëls en oplossings te ontwikkel ten einde roofdiere doeltreffend te bekamp. Die PMF is daaraan toegewy om volhoubare langtermynstrategieë vir die bekamping van roofdiere te vestig. Dit word gegrond op wetenskaplike feite pleks van emosioneel gelaaide bespiegeling en sienings.

Landbougemeenskappe het eeue lank probeer om diere te bestry wat skade aan hul vee of wild aanrig. Ondanks hul pogings kom skade steeds gereeld voor. In Suider-Afrika is daar talle diersoorte wat as probleemdiere geïdentifiseer is. Dit het daartoe gelei dat baie diere onverbiddelik gejag en uitgeroei is.

Deesdae is daar 'n klemverskuiwing ten opsigte van roofdiere onder veeboere. Die filosofie is om eerder die skade weens roofdiere te bestuur pleks van om die roofdiere te bestry. Volgens die PMF is dit 'n goeie vertrekpunt, aangesien navorsing bewys het die onselektiewe doodmaak van jakkalse en rooikatte laat meestal nie die skade weens hul bedrywighede afneem nie. Dit gaan eerder oor metodes wat met mekaar geïntegreer word om dié skade te bekamp.

NAVORSING

Verlede jaar is 'n kontrak met die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit gesluit vir die finansiering van 'n wetenskaplike evaluering van probleme wat met roofdierskade verwant hou. Dié studie is gerig op die uitvoering van strategies bepaalde navorsing met die inagneming van die probleme en behoeftes van die veebedryf, die verskillende omgewingsvereistes en navorsingsbehoeftes. Dit sluit ook in Sanparke se rol en die invloed wat roofdierskade op veeboerdery het.

Hierdie navorsing word volgende jaar afgesluit. Die resultate sal doeltreffende, wetenskaplik gegronde riglyne bied om probleme te beperk wat deur roofdiere veroorsaak word. Om enigsins te kan slaag in die stryd teen roofdiere, is dit noodsaaklik dat boere, plaasbestuurders, plaaswerkers en bure saam probeer om die natuur se prosesse te verstaan en om op die hoogte te wees van die beweging van roofdiere op die plaas.

Die Regering moet ook vasstel op watter maniere hy die boere kan ondersteun.

VOORKOMENDE MAATREËLS

Geïntegreerde roofdierbestuur, wat voorkomende en herstelmaatreëls insluit, is belangrik. Daar is talle wettige metodes om sukses te verseker.

Resultate op die monitorplase van die roofdierkenner mnr. Niel Viljoen, waar roofdierbestuur as beste praktyk gedemonstreer word, getuig van die sukses van dié benadering.

Die instandhouding van heinings is die belangrikste aspek ten opsigte van roofdierbestuur. Daarom is die onderhandelinge oor gesubsidieerde omheining 'n voorrangsaak van die PMF. Die forum hoop die bevindings van die wetenskaplike evaluering sal daartoe bydra om die Regering te oortuig van die belangrike rol wat hy in dié verband kan speel.

Sedert 2008 is altesaam 30 plase, wat 'n totale oppervlak van 156 188 ha dek, gemonitor. Statistieke wat van monitorplase verkry is, toon dat behoorlik geïntegreerde bestuur tot 'n beduidende afname in verliese weens roofdiere gelei het.

'n Deurlopende en volhoubare roofdierbestuurstelsel wat saam met 'n kuddebestuursprogram en beweidingstelsel toegepas word, is uiters belangrik. Suksesvolle roofdierbestuur kan in drie stappe verdeel word, naamliks jaarlikse bestuur, bestuur vóór lam- en kalftyd en bestuur tydens en ná lam- en kalftyd.

Boere word aangemoedig om voorkomende maatreëls in te stel, maar dit spaarsamig toe te pas en dit voortdurend af te wissel, aangesien roofdiere ná drie of vier weke gewoond raak aan die betrokke werkswyse. Dit is ook nodig om meer as een metode te gebruik.

Herstelmaatreëls is nodig om oormatige getalle roofdiere wat aanhoudend skade veroorsaak, te verwyder. Dit gebeur gereeld dat sommige herstelmaatreëls hoofsaaklik die probleemdier na die buurman verjaag.

Voorkomende maatreëls is meestal goedkoper as herstelmaatreëls. Voorts behoort boere binne gemeenskapsverband saam te werk omdat roofdiere oor groot gebiede beweeg. Die uitwissing van roofdiere is nie haalbaar nie, maar skade kan beperk word met goeie beplanning en die ekologies sensitiewe gebruik van bestuursmaatreëls. **LBW**

GEWONE HOND (*CANIS FAMILIARIS*)

Konflikkategorie: hoë konflikpotensiaal

Bewaringstatus: nie van toepassing

Skouerhoogte: 300 - 750+ mm; massa: 5 - 20 kg

Identifiserende kenmerke:
Kom voor in 'n verskeidenheid rasse, vorms en groottes, maar gewoonlik onmiskenbaar.

Spoor: Hondespore word dikwels verwar met dié van 'n jagluiperd. Die agterste gedeelte van die voetkussing het egter nie die W-vormige groewe wat tipies van die katfamilie is nie.

BO: 'n Skermgreep uit die roofdierbestuursforum (PMF) se handleiding oor die bestuur van roofdiere. Die handleiding kan deur alle veeboere gebruik word en is op die webwerf pmfsa.co.za beskikbaar. SKERMGREEP: PMFSA.CO.ZA

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.
BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY **012 349 1102**. E-POS: **rpo@lantic.net**. WEBWERF: **www.rpo.co.za**.